Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/
# NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

## AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V3

## 2021

**PUNTE: 100**

**TYD: 2½ uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 6 bladsye.**

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings.

| | | |
|---|---|---|
| AFDELING A: | Opstel | (50) |
| AFDELING B: | Lang transaksionele teks | (30) |
| AFDELING C: | Kort transaksionele teks | (20) |

2. Beantwoord EEN vraag in ELKE afdeling.

3. Skryf in die taal wat geassesseer word.

4. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.

5. Jy moet jou skryfstukke beplan, redigeer en proeflees. Gebruik byvoorbeeld 'n kopkaart of 'n vloeidiagram of sleutelwoorde. Doen die beplanning VOORDAT jy die finale produk vir elke afdeling skryf.

6. Alle beplanning moet duidelik aangedui en ingelewer word. Daar word aanbeveel dat jy 'n streep deur alle beplanning trek.

7. Beplan jou tyd só:

| | |
|---|---|
| AFDELING A: | 80 minute |
| AFDELING B: | 40 minute |
| AFDELING C: | 30 minute |

ÉcoleBooks

8. Nommer die skryfstukke volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

9. Skryf die titel/opskrif boaan elke skryfstuk.

10. Die titel word NIE in aanmerking geneem wanneer die woorde getel word NIE.

11. Skryf netjies en leesbaar.



DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM



## AFDELING A: OPSTEL

### VRAAG 1

- Skryf 'n opstel van 250–300 woorde oor EEN van die volgende onderwerpe.
- Skryf die nommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, boaan jou skryfstuk neer.

1.1 Ek het geweet ek kan dit doen! **[50]**

1.2 Dit was nou ŉ lekker/nare droom **[50]**

1.3 Staan familie altyd saam? **[50]**

1.4 Suid-Afrika #ek bly! **[50]**

1.5 Verandering begin by my **[50]**

1.6 Kies EEN van die volgende prente en skryf 'n opstel daaroor. Skryf die vraagnommer (bv. 1.6.1) en die titel van jou opstel neer.

**LET WEL:** Daar moet 'n duidelike verband wees tussen die opstel en die prent wat jy gekies het.

1.6.1





[Bron: google.com] **[50]**

1.6.2



[Bron: places.co.za] **[50]**

1.6.3



[Bron: resumetarget.com] **[50]**

**TOTAAL AFDELING A: 50**



DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM


## AFDELING B: LANG TRANSAKSIONELE TEKS

### VRAAG 2

- Kies EEN onderwerp en skryf 120–150 woorde daaroor.
- Skryf die nommer van die onderwerp wat jy kies, boaan jou skryfstuk neer.

2.1 **FORMELE BRIEF AAN DIE PERS**

Jy was 'n rukkie gelede by 'n kliniek/hospitaal op jou dorp. Jy is ongelukkig oor die swak diens wat jy ontvang het.

Skryf 'n FORMELE BRIEF AAN DIE PERS waarin jy oor hierdie swak diens kla. **[30]**

2.2 **HULDEBLYK**

Jou oom is 'n polisieman. Hy tree nou af nadat hy vir 40 jaar in julle gemeenskap gewerk het. Daar word 'n funksie gereël om van hom afskeid te neem en om hulde aan hom te bring. Jy moet hierdie huldeblyk aan jou oom lewer.

Skryf die HULDEBLYK. **[30]**

ÉcoleBooks

2.3 **RESENSIE**

Daar het 'n nuwe winkel op julle dorp oopgemaak. Hierdie winkel verkoop slegs klere vir jongmense. Jy was daar en het van die winkel gehou/nie gehou nie.

Skryf 'n RESENSIE vir julle skoolkoerant waarin jy die winkel aanbeveel/nie aanbeveel nie. **[30]**

2.4 **DIALOOG**

Jy het Saterdagaand baie laat by die huis gekom. Jou ma het vir jou gesit en wag. Sy was baie kwaad. Sy wou weet waar jy was en jy moes mooi verduidelik.

Skryf die DIALOOG tussen jou en jou ma neer. **[30]**

**TOTAAL AFDELING B: 30**

## AFDELING C: KORT TRANSAKSIONELE TEKS

### VRAAG 3

- Kies EEN onderwerp en skryf 80–100 woorde daaroor.
- Skryf die nommer van die onderwerp wat jy kies, boaan jou skryfstuk neer.

3.1 **UITNODIGINGSKAARTJIE**

Die sportklub of koor waaraan jy behoort, hou 'n funksie aan die einde van die jaar.

Skryf 'n UITNODIGING om die klublede of koorlede na hierdie funksie uit te nooi. **[20]**

3.2 **DAGBOEKINSKRYWINGS**

Jy het jou beursie, met alles wat daarin was, verloor. Gelukkig het iemand jou beursie gevind en dit vir jou teruggegee.

Maak die volgende TWEE DAGBOEKINSKRYWINGS:

- Die dag toe jy jou beursie verloor het
- Die dag toe jy jou beursie teruggekry het **[20]**

3.3 **INSTRUKSIES**

Jou pa wil hê jy moet julle spaza-winkeltjie bestuur terwyl hy weg is. Hy het vir jou 'n lys instruksies gegee hoe om die winkeltjie goed te bestuur.

Skryf jou pa se INSTRUKSIES puntsgewys en onder mekaar neer. **[20]**

**TOTAAL AFDELING C: 20**
**GROOTTOTAAL: 100**

Kopiereg voorbehou

DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM